November 2008 Nr 3

Nuusbrief AHI

AHI kry eerste vroulike president

Me Venete Klein, uitvoerende direkteur van ABSA Kleinhandelsbank en die afgelope jaar visepresident van die AHI, is tydens die AHI se kongres op 17 September in Sun City as die AHI se eerste vroulike president verkies.

Me Venete Klein

In haar aanvaardingstoespraak het me Klein gesê dat sy haar daarop gaan toespits om brûe wat reeds gebou is verder te verstewig, onder meer:

- Tussen jonk en oud, want ons moet seker maak dat die jonger geslag besigheidsmanne en -vroue die AHI as relevant beskou;
- Tussen besigheid, regering, arbeid en gemeenskapsorganisasies op alle vlakke;
- Tussen organisasies wat almal een gemeenskaplike doel het die doel om Suid-Afrika mededingend, vooruitstrewend en inklusief te maak tot die voordeel van almal;
- Tussen verskillende kulture, sodat ons die waarde van 'n ryk, diverse nasie ten volle kan ontplooi.

"Laat ons hierdie jaar ons denkleierskap gebruik om hande te vat as besigheid en op 'n konstruktiewe basis insette te lewer, ter ondersteuning van die owerheid op nasionale en plaaslike vlakke", het sy gesê.

Volgens prof Stef Coetzee, uitvoerende direkteur van die AHI, beskik me Klein oor besondere vermoëns waaruit die AHI kan put. Sy staan bekend as 'n uitstaande operasionele bestuurder wat goed strategies dink. Die oortuiging is dat sy die AHI gedurende 2008/09 voortreflik sal lei en 'n belangrike en deurslaggewende rol gaan speel in die herposisionering van die kamerbewegings in SA. Die verwagting is ook dat sy diversiteit en veral die geslagsaangeleentheid binne die AHI sal bevorder.

Deurlopende strategiese bestuur die doel van bosberade

Op 20 en 21 November vanjaar vind die AHI Hoofbestuur en die Nasionale Provinsiale hoofbestuur se bosberade plaas. Die bosberade is 'n jaarlikse instelling met die doel om die afgelope jaar in oënskou te neem en waar nodig strategiese aanpassings te maak.

Nasionale Hoofbestuur

Tydens die Hoofbestuursberaad in 2007 is 20 doelwitte gestel met die oog op 2020. Gedurende die afgelope jaar is besondere vordering gemaak met die meeste van die doelwitte wat tydens die vorige beraad gestel is.

Ten opsigte van die **visie, missie en waardes** van die AHI wat verlede jaar herformuleer is, is dit nie net aanvaar nie, maar ook geleef, dit vorm die agtergrond van alle besprekings in AHI-verband.

Die **BoP** is gevestig en 'n geslaagde konferensie is vroeër vanjaar daaroor aangebied in samewerking met Kamsa. Aan die einde van Oktober is 'n werkswinkel met alle rolspelers by die Gordon Institute of Business (GIBS) in Johannesburg gehou. Ook teenwoordig was verteenwoordigers

Gesprek met ANC uitgestel 3

Ekonomiese krisis ergste sedert 1929 3

Hoë vlak van debat op AHI-kongres 4

vervolg van bl1

uit Lesotho en Namibië, mnr Olé Lund Hansen van Danish Industry, wat steeds die BoP in Suid-Afrika bly ondersteun, terwyl die Vaal University of Technology verteenwoordig is deur mnr Gerrit du Plooy. 'n Mini-leerlaboratorium sal ook binnekort by dié universiteit gevestig word.

Tydens die werkswinkel is die BoP-projekte aan die hand van die BoP-protokol geëvalueer. GIBS gaan 'n leidende rol speel in die evaluering van 'n protokol teen die Suid-Afrikaanse agtergrond. In dié verband word daar later vandeesmaand twee mini-werkswinkels met betrokke verteenwoordigers uit die korporatiewe sektor gehou. Ook word die daarstel van 'n handleiding vir BoP in Suid-Afrika in die vooruitsig gestel wat waarskynlik in die loop van 2010 sal verskyn.

Ten opsigte van **internasionale samewerking** is 'n loodsprojek in samewerking met Vlaandere se Board of Exchange onlangs in Newcastle, KwaZulu-Natal, van stapel gestuur. Moontlike projekte wat ondersoek is en tans in oorweging is sluit in 'n kwekery wat inheemse plantmateriaal aan 'n groot gholflandgoedontwikkeling kan verskaf, 'n forelprojek, die ontwikkeling van 'n vaardigheidsopleidingsentrum en die daarstel van klein besighede wat dienste aan die opleidingsentrum kan verskaf. Al die projekte behels mentorering, vaardigheidsontwikkeling en werkskepping.

In vorige nuusbriewe is reeds berig oor die **Business Empowerment Trust** wat vanjaar gestig is en 'n middel vir kleinsake is om punte op hulle SEB-telkaarte te bekom. Projekte ter waarde van meer as R300 000,00 is reeds deur Kim Mar van Social Advantage geëvalueer en onlangs goedgekeur. Aandag word geskenk aan die uitbreiding van die trust om ook entrepreneuriese aspekte in te sluit.

In verband met **samewerking op plaaslike vlak** het die Departement van Provinsiale en Plaaslike Bestuur missies na Kareedouw en Marble Hall gestuur en verslae daaroor uitgebring. Die AHI besoek Kareedouw saam met die Departement op 22 November om fasilitering te doen. In Marble Hall het 'n AHI-korporatiewe lid, Old Mutual se eenheid vir plaaslike owerhede, ingewillig om die Departement daar by te staan.

Die AHI het ten opsigte van **misdaadbestryding** in die persoon van Prof Stef Coetzee ingeskakel by mnr Roelf Meyer se Action for a Safe South Africa (AFSA). Dit is 'n sterk gemeenskapsgeoriënteerde inisiatief en die AHI se uitgangspunt is dat samewerking verkieslik is bo duplisering.

Die skep van **deskundigheidslessenaars** is ook volstoom aan die gang. Daar word beoog om in die loop van November die volgende virtuele lessenaars op die AHI se webwerf te ak tiveer:

- Ekonomiese lessenaar (Ulrich Joubert)
- Plaaslike owerhede (Len Dekker)
- Klein- en mediumsake (Christo Botes)
- MIV/VIGS (Diane Ritson)
- Swart ekonomiese bemagtiging (Louis Mclaren)
- Besigheid vir bemagtigingstrust (Louis Mclaren)
- BoP (Stef Coetzee)

'n **Ekonomiese paneel** onder leiding van Jac Loubser is tot stand gebring en het reeds 'n eerste vergadering gehou. Die onderwerp wat bespreek is, was inflasieteikening. Die AHI beskik oor sterk ekonomiese kundigheid en is daar vier *Ekonomiese Soekligte* (saamgestel deur Christo Luus) gepubliseer.

Die jongste nuus oor **Kamsa** is dat die afbou van die organisasie voortgaan. Tegelykertyd word goed vordering gemaak met die vestiging van 'n nuwe komitee binne Busa, wat sal bestaan uit die oorspronklike lede van Kamsa, nl Sacci, Nafcoc, Fabcos en die AHI, asook die metropolitaanse kamers van Johannesburg, Kaapstad en Durban. Die bedoeling is dat die komitee koördinerend sal werk om die strategiese belange van die kamerbewegings te bevorder, met die behoud van eie identiteit, en sinergisties met Busa sal funksioneer. Die moontlikheid om bilaterale ooreenkomste met Fabcos en Nafcoc te sluit sal ook in die nuwe jaar ondersoek word.

Die AHI se jaarverslag is vanjaar **tweetalig** uitgegee en is baie goed ontvang. Ofskoon die AHI se ankertaal Afrikaans bly, is dit in die praktyk nodig om ook in Engels te kommunikeer gesien die talle direksies en uitvoerende besture waarmee die AHI skakel wat nou uit meer persone uit die histories-ontneemde gemeenskappe bestaan. Alhoewel vergaderings hoofsaaklik in Afrikaans gehou word, word Engels op 'n pragmatiese wyse gebruik.

'n **Finansiële komitee** is ook vanjaar gestig om aandag te skenk aan die finansiële sy van die AHI. Een van die doelwitte is om meer korporatiewe en silwer lede vir die AHI te werf. Voorts is die president en uitvoerende direkteur van die AHI tans besig om besoeke by bestaande korporatiewe lede af te lê, onder meer met die doel om sulke lede te behou. Goeie nuus is ook dat die AHI binnekort 'n hoof operasionele beampte in samewerking met een van die korporatiewe lede sal aanstel. Hierdie uitbreiding in kapasiteit sal die AHI goed te staan kom in 2009.

'n **Bemarkingstrategie** is nog nie vanjaar ontwikkel nie aangesien die interne kapasiteit tans nie bestaan om dit in werking te stel nie. Saam met die naam en handelsmerk van die AHI sal dit in die nuwe jaar aandag geniet. Die AHI se webwerf word tans hersien.

Al die AHI se aktiwiteite is daarop gemik om 'n lid se **voorkeursakeorganisasie** te bly. Daar word deurlopend aandag gefokus op die verbetering van dienste aan lede en die meer verteenwoordigend maak van die AHI se strukture.

Provinsiale Hoofbestuur

Groter klem sal in die nuwe jaar op die **provinsiale funksionering** van die AHI geplaas word. Dit is veral belangrik om sinergie tussen nasionale vlak en provinsiale vlak te bewerkstellig. Dit is belangrik dat dieselfde doelwitte en waardes op beide vlakke neerslag vind. Die provinsiale strukture werk baie koördinerend, maar hulle moet ook rigtinggewend werk.

Dit is ook belangrik om aandag te

vervolg op bl 3

Gesprek met ANC uitgestel

Die gesprek tussen die AHI en die ANC wat op 15 Oktober sou plaasgevind het, moes weens onvoorsiene omstandighede onbepaald uitgestel word. Die verwagting is dat dit nog hierdie jaar sal plaasvind.

Die ANC, met sy nuwe ampsdraers na die kongres in Polokwane, is tans die *regering in afwagting*, ofskoon hulle wel al gedeeltelik regeer. Die ANC het gedurende die afgelope jaar ingevolge hulle diversiteitsprogram uitgereik na verskillende gemeenskappe in die land. Oor die algemeen is die gesprekke as positief ervaar. Die ANC is klaarblyklik veral begerig om te weet wat in die harte van Afrikaanssprekendes lewe en daarom is hierdie bilaterale gesprek dan ook 'n geleentheid om lede se kommer en vrese oor te dra, maar ook om geleenthede vir samewerking vir die toekoms te identifiseer.

Die gesprek is so gestruktureer dat mnr Gwede Mantashe, sekretaris-generaal van die ANC, 'n inleidingstoespraak sal lewer, waarna die AHI voorstelle wil maak oor moontlike samewerking. Die AHI wil graag hulp verleen binne plaaslike owerheidkonteks en het die hulp van raadslede op plaaslike vlak nodig, ook wat betref plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Binne die ANC is daar onlangs 'n Progressive Business Movement (PBM) op die been gebring, gelei deur mnre Renier Schoeman en Darryl Swanepoel. 'n Voorstel kan wees om tussen die AHI en PBM 'n trustfonds te stig om BoP-aktiwiteite (besigheid op haarwortelvlak) te bevorder.

Uiteraard sal die AHI ook graag die versekering wil kry dat die regering 'n omgewing sal daarstel wat dit moontlik vir besigheid maak om ekonomiese welvaart te skep. In diep verdeelde gemeenskappe is dialoog besonder belangrik en hierdie bilaterale gesprek bied 'n gulde geleentheid daarvoor.

vervolg van bl 2

Skenk aan die **vorme** waarbinne gewerk word. In die georganiseerde sakewêreld word daar toenemend gebruik gemaak van netwerke en dit is dalk die moeite werd om dié vorm van funksionering te ondersoek.

Die provinsies het 'n baie belangrike rol te speel in die ondersteuning van **plaaslike owerhede** en plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Die provinsies moet ook leiding gee oor die gebiede waar nuwe sakekamers lewensvatbaar sal wees.

Ekonomiese krisis ergste sedert 1929

Die kredietkrisis en die groot verliese in die finansiële markte is volgens prof Stef Coetzee, uitvoerende direkteur van die AHI, die ergste krisis sedert die Wallstraat-krisis in 1929. Dit is waarskynlik dat die jongste krisis sal lei tot 'n hersiening van die funksionering van internasionale instellings soos die Internasional Monetêre Fonds en selfs die Wêreldbank. Oor die algemeen sal die regulatoriese raamwerk van banke internasionaal hersien word.

Volgens Coetzee verdien die Suid-Afrikaanse registrateur van banke, mnr Errol Kruger, 'n pluimpie vir sy werk vroeër vanjaar oor die funksionering van banke. Ook die instelling van die Kredietwet, ofskoon onpopulêr, die regulatoriese raamwerk van SA se banke en hulle meer beperkte internasionale blootstelling het uiteindelik in Suid-Afrika se guns getel.

Die kredietkrisis in die VSA is veroorsaak deur afgeleide instrumente wat tot stand gekom het gebaseer op die lae koste behuisingsmark. In feite kom dit daarop neer dat 'n groot mate van kunsmatige welvaart geskep is. Tans is dit nog steeds nie duidelik waar die markte gaan draai nie. Ondanks die kapitaalinspuitings deur die VK, die VSA en Europa, is daar nog steeds senuweeagtigheid in die internasionale markte.

Ongelukkig is dit so dat opkomende markte altyd slegter getref word deur sulke bewegings. Die onderliggende negatiewe sentiment in die markte bring mee dat mense uit aandele vlug, wat die pryse laat val. Voeg daarby die politieke onsekerheid in Suid-Afrika en mens kry 'n vallende rand. In die omgewing van R47 miljard het uit SA gevloei weens die onttrekking uit aandele.

Volgens Coetzee lyk dit of dit nog 'n rukkie sal duur voordat markte stabiliseer. Daarna kan 'n stadiger opwaartse beweging verwag word. Wat wêreldmarkte betref kan dit tussen drie en vyf jaar duur en t.o.v. Suid-Afrika tussen 18 maande en drie jaar. Verbruikers moet egter nie nou paniekbevange raak nie. Dit is beter om skuld te konsolideer en af te betaal as om nuwe skuld te maak. Die groot bekommernis volgens Coetzee is dat die krisis meer werkloosheid en inkomsteverliese in die hand gaan werk. Vanuit 'n AHI-oogpunt bestaan daar ook kommer oor die effek van die afwaartse klimaat op die BoP en die swart bemagtigingstrust. Dit bly egter 'n belangrike tyd vir die AHI om sy dienste nog verder te verbeter, sy reputasie in stand te hou om sodoende sy korporatiewe en ander lede te behou.

Hoë vlak van debat op AHI kongres

Die AHI kyk terug op 'n suksesvolle kongres wat op 16 en 17 September te Sun City gehou is. Dit was 'n eer om mnr Kgalema Motlanthe as spreker te hê, in die besonder omdat hy 'n week later as die nuwe president van Suid-Afrika aangewys is.

Die kern van mnr Motlanthe se toespraak was die klem wat die ANC op dialoog met alle sektore in die samelewing plaas. Hy het gewys op die Progressive Business Forum wat reeds in Januarie 2006 daargestel is om as platform te dien vir dialoog tussen die korporatiewe sektor en die ANC.

Mnr Motlanthe het daarop gewys dat beleidsprosesse binne die ANC gemiddeld 18 maande duur om te ontwikkel en gevolglik nie onderworpe is aan modegiere nie. Die gebeure te Polokwane was 'n voorbeeld van 'n lewendige proses van demokrasie binne die ANC.

“Die ANC sal voortgaan om die aktiewe beskermheer te bly van die demokrasie, die grondwet, die handves van menseregte, die skeiding van magte en van al die instellings in ons demokratiese land”, aldus mnr Motlanthe.

Grondwet

In sy toespraak oor die sosiale transformasieprojek en die skepping van 'n volhoubare bestaan in Suid-Afrika het mnr Henry Jeffreys, redakteur van *Die Burger*, onder meer die kwessie van grondwetlikheid voorgehou as die belangrikste en grootste uitdaging as die land ernstig is oor die skepping van 'n volhoubare bestaan vir al sy mense.

“Die grondwet is die gewone burger se enigste beskerming teen vergrype deur magshebbers en invloedrykes. As die persoon getaak met die beskerming van die grondwet dit na willekeur manipuleer vir politieke doeleindes, watter kans het gewone mense om hul grondwetlike regte teen die staat op te eis? ”

Volgens Jeffreys het die gebeure in aanloop tot en in nasleep van die ANC se Polokwane-konferensie, ernstige kommer oor die stand van grondwetlikheid in ons land geopper. Die uitsprake en optredes van leidende ANC-figure ter ondersteuning van mnr Zuma se regsgedinge kan net as 'n gevaar vir grondwetlikheid beskou word en daarom ook as verwerplik. Hieroor behoort alle regdenkende Suid-Afrikaners geen onduidelikheid te hê nie.

Jeffreys het, met komplimente aan prof. Kole Omotoso (meer bekend as die Yebo Gogo-man), 'n beroep op Suid-Afrikaners gedoen om te mobiliseer vir 'n soort grondwetlike kameraadskap. Daar word deesdae baie oor grondwetlikheid gepraat en gedebatteer, maar na Jeffreys se mening steeds nie genoeg en beslis nie met voldoende fokus en passie nie. Die fokuspunt van die diskoers is die woelinge in die ANC en die ongrondwetlike instinkte van die leidende figure. Hulle doen eintlik wat Omotoso bepleit. Hulle glo hul optrede en uitsprake is in die gees van die grondwet.

Ongelukkig staan hul weergawe van “grondwetlike kameraadskap” ondermynend eerder as beskermend tot die grondwet en die konsep van grondwetlikheid. 'n Kenmerk van hierdie, noem dit dan maar “ongrondwetlike kameraadskap” is die stelselmatige verdagmaking en aftakeling van die land se grondwetlike instellings. Hiervan is die aanvalle op die land se howe en regters asook die planne om die media op ongrondwetlike maniere te reguleer, die duidelikste en kommerwekkendste.

Voeg daarby die reëlmatige aanvalle op die nasionale vervolgingsgesag en die siniese parlementêre proses om wetlike beslag te gee aan die ANC se gejeuk om die Skerpioene te ontbind, dan kan 'n mens nie anders nie as om in mismoedigheid te verval oor die stand van ons grondwetlikheid.

Grondwetlike kameraadskap

Jeffreys waarsku egter dat om in mismoedigheid vas te val, fataal sal wees vir ons duur gekoopte, maar nog onderontwikkelde, grondwetlike politieke kultuur. Dit is nou tyd vir die mobilisering van die grondwetlike kameraadskap wat Omotoso bepleit.

“Grondwetlike kameraadskap het niks met partypolitieke belange te doen nie. Dit plaas die partypolitiek ondergeskik aan die grondwet, soos dit hoort. Dit oorbrug enige partypolitieke belange en verskille. Dit bring ons saam rondom die waardes en kultuur wat die land se grondwetskrywers in die moeilikste omstandighede onderhandel het. Dit plaas die land en daarom die grondwet, eerste. Volhoubare grondwetlikheid is 'n onmisbare voorvereiste vir die daarstel van 'n volhoubare lewensbestaan vir alle Suid-Afrikaners.”

Die volledige toesprake van mnre Motlanthe en Jeffreys, asook die van ander sprekers, is op die AHI se webwerf beskikbaar: **www.ahi.co.za.**